

29 Oktober

Skrifgedeelte: Filippense 4:10-20
Fokusgedeelte: Filippense 4:17

Leer om vergenoeg te wees

Paulus sit in die tronk. Hy moet met die heel, heel basiese dinge van die lewe klaarkom. Hy ervaar egter nie 'n onvergenoegdheid nie. Inteendeel, hy sou Psalm 23 met oortuiging kon sing: "Die Here is my Herder, ek kom niks kort nie." Hy kan homself behelp uit die bron van die lewe, Jesus Christus, deur wie hy tot alles in staat is. Nietemin was dit vir hom wonderlik om iets van die Filippense te ontvang. Nou het hy meer as genoeg en hy weet dat hierdie liefdesdaad van die Filippense teenoor hom hulle ryker gemaak het. Hy is bly hulle gee hom iets, want hy weet as jy gee, ontvang jy die rykdom van God se seën.

Dit geld veral as jy só gee dat dit lyk asof jy dalk self nou gebrek gaan ly. Dan mag jy weet dat God uit sy heerlike rykdom in elke behoefte van jou sal voorsien. Ken jy hierdie bron van genade, krag en wysheid? Glo jy dat jy tot alles in staat is deur Christus wat jou krag gee? Leef jy voortdurend uit hierdie bron? Wanneer jy daagliks uit God se belofte leef dat Hy ryklik in elke behoefte van jou sal voorsien, leer jy om vergenoeg te wees. Jy leer om jou te behelp uit die bron van sy genade. Dan is dit wat jy van ander ontvang, bonusse, en nie noodsaaklikhede wat jou onvergenoegd laat as jy dit nie het nie. Dan het jy altyd genoeg. As iemand jou dan iets gee, het jy meer as genoeg.

Dr. Gert Breed (Randburg)